

# OORTUIGING VAN SONDE

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B325A Eng/Afr.

Skriflesing uit Joh. 16:1-13

Kernvers: 7 –'Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.'

Geliefdes, die Heilige Gees is nie net ons Trooster nie maar Hy het ook gekom om die wêreld te oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Hy is 'n Persoon net soos onse Here Jesus 'n Persoon is.

U sal met my saamstem dat die wêreld weer 'n magtige oortuiging van sonde nodig het, en dat mense werklik sal besef wat sonde is en wat dit Jesus gekos het om na die kruis te gaan om vir u en vir my te sterwe.

Net die werklikheid van die kruis alleen is genoeg bewys vir ons dat daar 'n werklike hel en verdoemenis is vir die sonadaar, anders sou Jesus nie só 'n dure prys betaal het om ons te red nie.

Waarvan moes Jesus ons red dat God Sy aangesig van Hom weggedraai het en selfs die son het duister geword? Dit was ons sondes wat Hy op Hom geneem het sodat ons geregverdig sou word voor God.

Mag God ons opwek tot 'n nuwe ywer en verootmoediging in gebed dat ons sal sê: 'Here stuur opnuut die krag van U Heilige Gees op ons op só 'n tasbare wyse dat die wêreld van ons notisie sal neem. En dat sondaars tot oortuiging van sondes sal kom en bekering sal kom soos nog nooit tevore nie... in ons volk en families en oraloor!

'n Ware bekeerde persoon is iemand met wie jy kan klaarkom, hy is 'n nederige persoon. Net die oortuiging van die Heilige Gees kan 'n ware bekering teweegbring.